

Oor die Opstel van die Dokumentasie in die Geskiedenisnavorsing

deur

D. BODEL

INLEIDING

ONDER meganiese hulpmiddels in die geskiedenisnavorsing bepaal die skrywer hom tot die afneem van aantekeninge en verwysings en hulle indeksering. Geskrifte oor die onderwerp is ook skraal, en meestal het ek my tot eie ondervinding asook waarneming van navorsers bepaal.

Die meganiese hulpmiddels het te doen met die bewaring van die ingesamelde materiaal op 'n wyse wat die verwerking daarvan sal vergemaklik. As 'n mens 'n uittreksel wil gebruik en dis „begrawe” onder die talle aantekeninge, vertraag dit 'n mens se werk. Met 'n kort studie gaan dit nog maar waar 'n lang dissertasie geskryf moet word, is dit noodsaaklik dat die dokumentasie so opgestel word dat die verwerking van die uittreksels of aantekeninge sistematies gebruik kan word. 'n Stelsel van rangskikking of klassifikasie is hiervoor nodig.

Die navorser moet sy hande op enigiets wat hy verlang kan lê. Daarvoor is 'n betroubare, konsekwente lêerstelsel nodig. Die presiese omskrywing van die stelsel is nie baie belangrik nie, solank dit net die navorser tevrede stel. Ek het verderaan 'n paar gebruike aangedui wat ondervinding as die mees bevredigende bewys het, maar dit hang geheel en al van die individu self af. Sy eie behoeftes sal hom die gouste en maklikste leer. Ek behandel hier die kaartindeksstelsel.

Daar is nie veel oor die tipe kaartjie wat gebruik word, te sê nie. Gewoonlik gebruik navorsers die tipe indekskaartjie wat deur biblioteke vir boeke-indeksering gebruik word. Die voordeel van hierdie kaartjies is dat hulle baie maklik hanteer. Die nadeel aan hierdie kaartjies verbonde is egter dat 'n mens nie baie op so 'n kaartjie kan skryf nie. Kaartjies van 'n effense groter formaat is egter ook verkrygbaar. 'n Foliobladsy, middeldeer geskeur, vorm 'n kaartjie wat afgesien van die finansiële voordeel daaraan verbonde, ook 'n groot oppervlakte bied. Ongelukkig is hulle as gevolg van hulle slapheid, effens moeilik om te hanteer.

Die navorser sal uiteraard sy kaartjies êrens wil bêre. Hy sal hulle nie sommer los laat lê nie, maar hulle agtermekaar sit waar hy hulle sal vind as hy hulle nodig het. In so 'n geval word gebruik gemaak van 'n lêerkas. Daar is goeie kaste teen redelike pryse verkrygbaar wat spesiaal vir die doel gemaak is, maar skoendose verdien ook vermelding. Hulle het die regte

grootte, maak bo oop, en hulle het inderdaad die voordeel dat hulle maklik hanteerbaar is. Ongelukkig het hulle ook die nadeel dat hulle glad nie sterk gemaak is nie.

DIE GEBRUIK VAN KAARTJIES

Die volgende is die basiese beginsels van die kaartindeks en moet op die kaartjie verskyn:

1. Die bron. Dit is die allerbelangrikste en moet veiligheidshalwe neergeskryf word nog voor die eintlike inligting wat altyd opgesoek kan word as die bron vermeld is.
2. Die datum — as daar een is.
3. Die opskrif, opgedeel in
 - (a) Hoofwoord.
 - (b) Toeliggende besonderhede.
4. Dan die inligting.

Vir die kaartindekssisteem is daar verskillende grondslae, van persoonlike voorkeur afhangende, maar die mees algemene is dié van die alfabetiese en die kronologiese volgordes. In eersgenoemde word die kaarte alfabeties ingedeel volgens hoofde, en binne hierdie indeling dan weer alfabeties.

Kaartjies moet nie streng alfabeties gerangskik word nie, maar wel volgens onderwerpe. Wat hierby bedoel word is dat kaartjies wat oor dieselfde onderwerp handel, bymekaar gehou word en nie geskei word deur 'n kaartjie wat oor 'n ander onderwerp handel nie maar wat streng alfabeties tussen die groep kaartjies tuishoort. 'n Voorbeeld sal dit die beste illustreer. Indien kaartjies met die opskrifte goud, goudmyn, goudwassery en goudvis geïndekseer word sou die streng alfabetiese volgorde goud, goudmyn, goudvis en goudwassery wees. Volgens onderwerpe gerangskik sou goudwassery egter voor goudvis geplaas word.

Die ander volgorde wat gevolg word is die kronologiese. Gewoonlik is die jaarlikse die grondslag hiervan, natuurlik met verdere indelings na verlange. Hierdie sisteem het sy gebreke, maar dit is van die grootste hulp met die kronologiese opsporing van gebeurtenisse.

Die kaarte word dan in twee hoofgroepe opgedeel: dié met alleen bibliografiese besonderhede, en dié met uittreksels, opsommings of aanmerkings. Reeds is opgemerk hoe belangrik bronnevermelding is vir die navorser; en verreweg die veiligste is om 'n bronnelys op kaartjies te hou; dus as daar twyfel oor enigiets mag ontstaan, is die bronnelys daar om geraadpleeg te word. So sal daar op die inligtingskaartjie net 'n aanduiding van die bron verskyn, maar op die bronnekaartjie sal volle besonderhede verskyn. Sodra die navorser by 'n nuwe bron begin navors, moet daar vireers 'n kaartjie daarvoor uitgeskryf word wat alle besonderhede i.v.m. die bron aantoon. Vanselfsprekend moet hierdie twee groepe kaartjies apart gehou word. Links bo op die kaartjie word die naam van die onderwerp geskryf, met die hoofwoord eerste en met die minder belangrike of verduidelikende woorde

agterna. As variasie hierop kan die hoofwoord of in 'n ander kleur ink, bv. rooi ink, geskryf word, of onderstreep word. Die hele titel kan selfs in 'n opvallende kleur ink geskryf word.

Aan die regterkant van die kaartjie word die datum dan ingeskryf; die betrokke onderhoof kan op die hoofwoord volg of, as dit effens te lank is om nog in die orige ruimte te pas, kan dit aan die linkerkant geskryf word. Die bron volg op die reël net onder die hoofopskrif, en daarop volg die onderhoof as dit nie by die eerste reël pas nie.

Hier mag ek opmerk dat om die kaartjies in te deel in die verskillende onderverdelings waarop besluit is, kaartjies van 'n groter formaat as die inligtingskaartjies gebruik kan word. Hulle sal dan gedeeltelik uitsteek en indien hulle groot genoeg gekies is, sal hierop die aanduiding van die indeling geskryf kan word, hetsy alfabetiese letter, hetsy datum of hetsy tesishoof.

Kaartjies het die deurslaggewende voordeel dat hulle beweegbaar is, d.w.s. na willekeur gerangskik en herrangskik kan word na gelang van die behoefte en sodoende tyd en moeite bespaar.

DIE KAARTINDEKSSISTEEM

Die versameling van materiaal vir 'n dissertasie is 'n proses wat baie lank kan duur en in elk geval nooit gou afgehandel kan word nie. In die tyd word 'n goeie hoeveelheid stof opgediep. Hierdie inligting word in baie bronne gevind sodat daar geen volgorde sal wees indien die navorser die inligting bymekaar plaas soos hy dit vind nie. Die gevolg hiervan is dat dit 'n bomenslike geheue vereis om 'n gevorderde studie te skryf indien die navorser die stof nie sistematies so versamel dat hy feite weer kan opspoor nie. Dit is haas onmoontlik om oor 'n tydperk van bv. vyf jaar alles te onthou wat jy neergeskryf het en waar jy 'n betrokke feit wou gebruik het toe dit gevind is.

Om hierdie probleem te oorkom is die kaartindekssisteem ongetwyfeld die beste. Elke feit wat ingesamel word, word op 'n aparte kaartjie geskryf; dit spaar die navorser tyd as hy slegs een feit wil opsoek. Daar is 'n baie meer belangrike rede vir die gebruik van kaartjies. As die student eers met sy verhandeling begin, vind hy dit 'n goeie leidraad om eers 'n konsepplan op te stel van wat hy belangrik ag of meen in verband met mekaar staan. Dat daar verander sal moet word, val nie te betwyfel nie. Oor een of ander gaan die navorser meer inligting aantref as wat hy verwag het of inligting raakloop wat die belangrikheid daarvan in 'n heeltmal ander lig stel. Om dié rede kan die navorser nie 'n vaste indeling van sy beskikbare inligting volg nie. Hierdie speling word deur kaarte toegelaat. Wat gebeur is dat die navorser sy kaarte-indekssisteem presies so indeel as wat hy met sy konsepplan beoog het.

Gestel nou dat hy, nadat hy sy navorsing afgehandel het, 'n konsepplan opstel wat twintig hoofstukke bevat, sal hy dadelik by die indeling van sy kaartjies twintig groepe in gedagte hou. Indien die eerste hoofstuk van sy tesis bv. handel oor „Die Jeugjare van die klein Hendrik Frensch” sal hy 'n groep kaartjies sorteer onder die hoofopskrif „Jeugjare”. Binne die perke van hierdie hoofindeling sal hy natuurlik die kaartjies weer onderverdeel,

sodat hy sy kaartjies uiteindelik sistematies gerangskik het in die volgorde waarin hy hulle wil gebruik. Indien sy onderverdeling nie alfabeties is nie maar kronologies, 'n sisteem wat vir die geskiedsnavorser gewoonlik die meer aangewese is, sal die volgorde van die kaartjies onder die hoofopskrif „Jeugjare” bes moontlik die volgende wees: Amsterdam, Kaapstad, Bulawayo, Miltonskool, ens.

Nou word die kaartjies gerangskik in die presiese volgorde wat hulle volgens die tesis benodig sal word — trouens, dit doen die navorser dadelik sodra hy van die navorsing af terugkom. Die groot voordeel van die kaartjies-indeksstelsel is egter dat die kaartjies na willekeur by nuwe indelings geplaas kan word en dat nuwe indelings ook gaandeweg geskep kan word. Indien die navorser bv. 'n kaartjie oorspronklik onder 'n sekere indeling geplaas het maar later voel dat die kaartjie eintlik by 'n ander indeling tuis behoort, kan hy met groot gemak sy skema herrangskik. Indien hy sekere inligting eintlik onder twee nuwe indelings wil rangskik is dit maklik om dit te doen deur kruisverwysings te maak. So bv., om weer tot ons voorbeeld terug te keer, kan 'n mens inligting raakloop wat onder „Jeugjare” geplaas word en wat miskien latere sielkundige belangstellings verklaar. 'n Kaartjie word dan volledig uitgeskryf onder die hoofindeling „Jeugjare” terwyl 'n kaartjie by die indeling „Nagraadse Studie” geplaas word waarop slegs 'n kruisverwysing na die kaartjie wat die inligting bevat, gemaak word. Dit is ook verkieslik om die kaartjie wat die inligting bevat 'n kruisverwysing na die tweede kaartjie te maak. Hierdeur word die gevaar voorkom dat hierdie kaartjie nadat dit gebruik is, verlore raak. Daar mag slegs op een kant van die kaartjie geskryf word. Soms word kruisverwysings wel op die keersy ingeskryf, maar hierdie byvoeging moet dan op die voorkant aangedui word. Dit is egter aan te bevele om 'n addisionele kaartjie hiervoor te gebruik.

Net een besonderheid mag op 'n enkele kaartjie ingeskryf word. Op hierdie reël is daar geen uitsondering nie; die probleem bestaan daarin, hoe om te besluit of die uittreksel wat afgeskryf word net een besonderheid beslaan en of dit uit verskeie bestaan.

Een oplossing is om die uittreksel in soveel dele in te deel, elk waarvan as 'n eenheid op een of meer kaartjies geskryf word, wat dan onder een van die hoofde gerangskik word met kruisverwysings op aparte kaartjies na die ander onderwerpe.

Die ander oplossing is die volgende: As verskeie dele van die aanhaling vir die student van belang is slegs as voorbeelde en betrekking het op een saak, is per slot van rekening net een item betrokke en dus sal 'n enkele kaartjie, met geskikte opskrifte, voldoende wees en kruisverwysings sal onnodig wees. Die reël „aparte kaartjies vir aparte besonderhede” moet streng gehandhaaf word. Nog 'n belangrike voordeel aan kaartjies verbonde is dat hulle maklik vervoerbaar is.

WOORD-VIR-WOORD UITTREKSELS EN OPSOMMINGS

Hier moet die navorser maar self besluit wat om te gebruik. As dit hoogsbelangrik is om 'n sekere punt te illustreer of te bewys, sal hy die presiese

bewoording verkies. 'n Uittreksel moet versigtig afgeskryf word en dan nagegaan word, en dan weer nagegaan word. Soms, as 'n aanhaling te lank is, sal 'n opsomming voldoende wees. Hier is die uiterste versigtigheid nodig. Die sin van die oorspronklike moet akkuraat weergegee word, sonder enige verdraaiing. Hierdie is natuurlik van die allergrootste belang en daaruit spruitende is dit 'n onteenseglike reël dat die bron waaruit dit geneem is by die aantekening aangemeld moet word. Die presiese verwysing moet direk van die bron afgeskryf word en moet altyd die eerste besonderheid op die kaartjie wees.

Let op dat dit dikwels onnodig is om 'n aanhaling neer te skrywe wanneer slegs 'n verwysing voldoende sal wees. Dus, as 'n verwysing maklik verkrygbaar is, skryf slegs die bron neer; dit bespaar tyd, wat die navorser baie selde volop het.

Dit is noodsaaklik om idees en menings wat by die navorser opkom as hy met navorsing of bronnestudie besig is, gou op te teken — hulle kan waardevolle leidrade wees en dit is veiliger om hulle neer te skrywe op die oomblik wat hulle opkom as om hulle aan die geheue oor te laat.

Data wat behulpsaam mag wees moet ook opgeteken word veral wanneer die bronne later nie meer beskikbaar mag wees nie. Hier sal die syfers, ens. se bestaan ook in gedagte gehou moet word, sodat hulle later ingewerk kan word. Die werk word eers in die gedagte uitgewerk voor al die besonderhede (soos bv. syfers) ingelyf word. Dit is voor die handliggend dat as die strekking van daardie besonderhede vergeet word, die werk daaronder sal ly.

Boeke Ontvang vir Bespreking

Axelson, Eric: Portuguese in South-East Africa 1600 — 1700, pp. X, 226, Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1960.

Clark, G. N.: The Seventeenth Century, pp. XIX, 378, 8/6, 2nd edition, Oxford Paperbacks, Oxford University Press, 1960.

Newton, L. M.: Faraway Sandy Trails, pp. 212, 15/9, Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg-Kaapstad, (sonder datum).

Swanberg, W. A.: First Blood. The story of Fort Sumter, pp. 367, 30/-, Longmans, 1960.

Wentzlaff-Eggebert, F. W.: Kreuzzugsdichtung des Mittelalters, Studien zu ihrer Geschichtlichen und dichterischen Wirklichkeit, pp. 402, Walter de Gruyter & Co., Berlin, 1960.